Primêre gehoor: Volwassenes, Tieners, Gesinne, Familie
Genre: Wetenskapfiksie, Aksie, Fantasie, Drama
Lengte: 2:38 min.
Jaar vrygestel: 13 November 2009 in teaters
DVD: 2 Maart 2010
Resensent: Fliekvlooi

2012[1]

Fliek oor aardverwarming laat jou dink

Dr Adrian Helmsley (Chiwetel Ejiofor) is lid van ’n wêreldwye geofisiese ondersoekspan wat die effek van bestraling van ’n sonnestelsel op die aarde bestudeer. Hy ontdek dat die kern van die aarde besig is om te verwarm.

Hy waarsku die Amerikaanse president, Thomas Wilson (Danny Glover), dat die aardkors besig is om onstabiel te raak en dat die ganse mensdom uitwissing in die gesig staar indien die voorbereidings vir ’n reddingspoging nie vinnig op dreef kom nie.

Intussen kom die skrywer, Jackson Curtis (John Cusack), op dieselfde inligting af. Terwyl die wêreldleiers spartel en spook om mensgemaakte “arke” betyds klaar gebou te kry, worstel Curtis om ’n manier te vind om hierdie katastrofe vry te spring en om sy vorige vrou en kinders van ’n massadood te red. Geld, mag en kontakte speel ’n groot rol in die verkryging van toegang tot ’n moontlike ontsnapping.

Wat sou jy doen? Wie sou jy nader en wat sou jy vir jou geliefdes sê as jy weet die einde van die wêreld is gewis in sig?

Moenie alles glo wat in die film gebeur nie, want die voorspelling van die einde is nie op Bybelse inligting gebaseer nie, maar inligting uit die antieke Mayan-kalender word gebruik.

Die film het ’n PG13-ouderdomsbeperking en kinders onder 13 moet liefs nie hierna kyk as hulle nie duidelik tussen die werklikheid en spesiale effekte kaan onderskei nie. Alhoewel daar nie baie bloed te sien is nie, is daar wel tonele waar mense op groot skaal sterf in die verwoesting wat die aarde tref.

Die Here se naam word tydens sekere geleenthede gebruik en ander vloekwoorde is ook hoorbaar. Geen eksplisiete sekstonele kom voor nie en die hoofkarakter se vorige vrou bly saam met ’n ander man.

Daar is ’n voortdurende stryd en spanning tussen reg en verkeerd en ’n gewete aan die een kant en eie selfsugtige motiewe aan die ander kant. Moet almal ’n kans op redding kry, of is hierdie voorreg uitsluitlik beperk tot ’n elite-groep en intelligente mense? Dit is juis hierdie storielyn wat my aandag getrek het en nie soseer die einde van die wêreld of hoe presies dit gaan gebeur nie.

Christen-waardes en wat eties reg behoort te wees, word aan die einde van die film op ’n eerbare wyse hanteer. Daar word gewis nie na Jesus as die enigste verlosser en hoop verwys nie. ’n Karakter sê wel: “*... those who are saved, have nothing to fear*.” ’n Ander een sê: “*... make your peace with God first, then your soul will have its rest.*” Die Amerikaanse president het in sy finale toespraak aan die nasie uit Psalm 23 aangehaal.

Tydens een van die finale tonele sien jy hoe die Sikstynse Katedraal vernietig word. ’n Kraak loop deur Michelangelo se skildery wat die vingers van Adam van God se hand skei. Dit kan dalk die boodskap tuisbring dat God nie daar was nie en ook nie sal wees as alles vergaan nie. Die Bybel skets egter ’n ander prentjie, ’n prentjie van ’n God wat nooit die werke van sy hande sal laat vaar nie.

Geestelik het ek met ’n gemis huis toe gegaan. So baie mense vertrou nog nie die Here nie en hou aan die geringste menslike hoop vas, eerder as om die Verlosser wat sy eie lewe gegee het, met alles te vertrou.

In die film kom ’n aantal temas ter sake wat relevant is in ons denke oor ons doelwit, naamlik “God as die middelpunt van jou lewe”.

- Watter rol en plek speel God in jou lewe? Is God werklik die middelpunt daarvan? Hoe lyk ’n lewe waarin God wel die middelpunt is?
- Vrees: Wat maak hedendaagse mense met hulle vrese? Hoe hanteer ’n Christen die werklikheid van vrees met God in die middelpunt van die lewe?
- Die effek van ’n onafwendbare ramp op individue en groepe mense: Waarom moet ons eers ’n ramp beleef of in die gesig staar voordat verhoudings kan herstel en ons gedrag, gesindhede en optrede verander?
- Die selfsugtige bevrediging en veg vir persoonlike behoeftes en voordeel ten koste van ander se nood en voortbestaan: Hoe verander iemand se mens-wees wanneer God in die middelpunt daarvan kom lewe? Sou hierdie film anders kon eindig indien die invloedryke mense en karakters God as die middelpunt van hulle lewens sou hê?
- Hierdie film raak aan my lyf. Hoe behandel ek ander en hoe voel ek teenoor ander mense? In hoeveel alledaagse situasies loop ek oor ander mense om net by die “ark” uit te kom om myself te bevoordeel, terwyl mense óm my deur die rampe en seer van ons tyd oorweldig word?

Kyk gerus na hierdie fliek, dit laat jou dink.

[1] Van die inligting wat gebruik is, is afkomstig van die volgende webbladsy: **http://www.christiananswers.net/spotlight/movies/2009/20122009.html** soos besoek op 20/02/2010